**8 Augustus**

## Om die Onsienlike te sien

**Skrifgedeelte: Psalm 92 en 93**
**Fokusgedeelte: Psalm 92**

Die Psalm is ’n oproep om God te loof as die almagtige God van liefde en trou – al lyk dit of onreg in die wêreld seëvier. Die magtige dade van die Here in die natuur, in die geskiedenis en in die mens se lewe word met blydskap besing. Maar die sin van hierdie magtige dade is onpeilbaar diep en word alleen deur ’n wyse mens besef.

Dit is die punt waarom hierdie Psalm draai: die Here se groot dade word nie deur die dwaas gesien as groots en ondeurgrondelik nie, maar wel deur die gelowige. Daarom is die dwaas selftevrede as hy in sy onreg floreer en voorspoedig is. Maar dit pla die gelowige nie as dit lyk of onreg triomfeer en die oorhand het nie. Hy weet dat die Here tog, ondanks die skyn, oor alles regeer en dat die onreg nie sal standhou nie, maar dat die Here sy plan sál deurvoer.

Dat hulle die Onsienlike sien, is die bemoediging van die gelowiges ondanks die skynbare oormag van die onreg. Die Here se krag is ook die gelowiges se krag om voort te gaan en te volhard. Selfs wanneer hulle oud word, sal hulle kragtig bly en vrugte dra, omdat die Here hulle rots is.

*Sing: Psalm 92:2, 3, 6* *Dr. F van der Walt (Emeritus)*